NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 2 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 8 bladsye (i–viii) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die ruimte wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	**Werklike punte**	**Nasiener se hand-tekening**	**Moderator se hand-tekening**
Vraag 1: Begrotings (36 minute)	**30**			
Vraag 2: Versoenings (24 minute)	**20**			
Vraag 3: BTW (18 minute)	**15**			
Vraag 4: Maatskappy-ontleding (42 minute)	**35**			
TOTAAL	**100**			

IEB Copyright © 2017

VRAAG 1 BEGROTINGS (30 punte; 36 minute)

1.1 Voltooi die debiteure-invorderingskedule.

Debiteure-invorderingskedule vir November 2017 tot Januarie 2018

	Kredietverkope	November	Desember	Januarie
September	334 800	133 920		
Oktober				
November				138 240
Desember				
			339 120	

(8)

1.2 In die lig daarvan dat Die Hardloopvoet in Januarie 'n daling in verkope kan hê, wat anders kan hulle doen om meer inkomste te verdien sodra hulle na die huis toe trek? Kom vorendag met twee idees.

- _____

_____

- _____

_____ (2)

1.3 Bereken die winsgrens wat Die Hardloopvoet gebruik.

(2)

1.4 Voltooi die eerste twee reëls van die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Januarie 2018. Bereken ook die loonbedrag wat op die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn.

Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat van Die Hardloopvoet vir Januarie 2018

	Januarie 2018
Verkope	
Koste van verkope	
Lone	

(4)

IEB Copyright © 2017

1.5 Die rente op die lening vir Januarie sal op R12 000 uitwerk. Bereken die kosprys van die huis.

(4)

1.6 Gee 'n voordeel van die trek na die huis toe.

(1)

1.7 Gee 'n nadeel van die trek na die huis toe.

(1)

1.8 Bespreek twee dinge wat Robbie kan doen om klante aan te moedig om in Januarie na sy nuwe perseel toe te kom en sy skoene te koop.

-
-

(2)

1.9 Robbie is nie seker oor die beste manier om van die winkelsentrum na die huis te trek nie en hy is bekommerd dat bokse met skoene tydens die trek verlore sal raak. Bespreek twee dinge wat Robbie kan doen wanneer hy trek om te verseker dat die skoene nie verlore raak nie.

-
-

(4)

IEB Copyright © 2017

1.10 Robbie het besluit dat aangesien hardloopskoene in die omgewing van R1 800 per paar kos, hy gaan begin om geskenkbewyse te verkoop, sodat selfs al kan 'n persoon dit nie bekostig om vir 'n vriend 'n paar skoene te koop nie, hy/sy 'n geskenkbewys kan gee om by te dra tot 'n paar skoene.

Hy weet dat as iemand 'n geskenkbewys koop, "Bank, 'n bate" gedebiteer sal word, maar hy weet glad nie wat gekrediteer moet word nie. Dink aan watter rekening jy sal krediteer en skryf neer watter tipe rekening dit is, met 'n verduideliking van waarom dit hierdie tipe rekening (B/EB/L/inkomste of uitgawe) is.

Tipe rekening: _____

Verduideliking van tipe rekening: _____

_____

_____ (2)

30

IEB Copyright © 2017

VRAAG 2 VERSOENINGS (20 punte; 24 minute)

2.1 Bereken die korrekte bedrag wat Roos Boetiek aan Judy verskuldig is.

Foutiewe saldo	R12 250
Korrekte saldo	

(5)

2.2 In watter brondokument sal Rosalie die korting vir die handsakke opteken?

_____

(1)

2.3 Gebruik die Debiteuregrootboekrekening om 'n ouderdomsontleding vir L Pike op te stel wat op sy rekeningstaat op 31 Oktober 2017 vertoon sal word.

Huidig	30+ dae	60+ dae	90+ dae

(4)

2.4 Vul die korrekte letter langs die nommer vir die meervoudigekeuse-vraag in.

2.4.1	
2.4.2	
2.4.3	
2.4.4	

(4)

IEB Copyright © 2017

2.5 Ontleed die transaksies vir Roos Boetiek onder die kolomopskrifte deur die bedrag onder die korrekte kolom neer te skryf.

Let wel: As die inskrywing in die Bankversoeningstaat-kolom kom, moet jy kies of dit 'n debiet- of kredietinskrywing sal wees.

Voorbeeld:
Bankkoste van R234 verskyn op die Bankstaat van Roos Boetiek.

No.	Inskrywing in die Kontant-ontvangste-joernaal	Inskrywing in die Kontant-betalings-joernaal	Inskrywing in die Bank-versoeningstaat		Geen inskrywing nie
			Debiet-inskrywing	Krediet-inskrywing	
Vb.		R234			
2.5.1					
2.5.2					
2.5.3					
2.5.4					
2.5.5					
2.5.6					

(6)

20

IEB Copyright © 2017

VRAAG 3 BTW (15 punte; 18 minute)

3.1 Bereken die bedrag BTW wat Koffieland op 25 November 2017 aan SAID moet oorbetaal vir die twee maande eindigende 31 Oktober 2017. **Toon alle bedrae wat jy moet bytel of aftrek om jou antwoord te verkry.**

(10)

3.2 Koffieland ondervind kontantvloeiprobleme en het 'n oortrekking van R30 000. Pieter, die eienaar, het sy boekhouer gevra om nie die verkoop van koffieboonpakkies vir September en Oktober op te teken nie en dit eerder as verkope vir November op te teken. As jy die boekhouer was, verduidelik of jy hiertoe sal instem en waarom.

(2)

3.3 Koffieland het gedurende September 2017 'n faktuur vir R8 208, BTW ingesluit, van 'n verskaffer van koffiebone ontvang en opgeteken. Hulle is later deur SAID ingelig dat hierdie onderneming nie 'n geregistreerde BTW-ondernemer is nie. Verduidelik deur die bedrag te toon hoe dit die bedrag wat hulle aan SAID verskuldig is, sal beïnvloed.

(2)

3.4 Wat moet Koffieland doen om te verhoed dat hierdie situasie weer voorkom?

(1)

15

IEB Copyright © 2017

VRAAG 4 MAATSKAPPY-ONTLEDING (35 punte; 42 minute)

4.1 4.1.1 Warren Buffett het gesê dat dit belangrik is om in maatskappye met hoë winsgrense te belê.

Bereken die bedryfswins op verkope vir 2016.

(1)

4.1.2 Verduidelik die gevaar daarvan om in 'n maatskappy met 'n lae winsgrens te belê.

(1)

4.2 Bespreek die **winsgewendheid** van RCL gedurende die jaar geëindig 30 Junie 2016 deur drie verskillende items te gee wat die grootste impak op die winsgewendheid gehad het.

-
-
-

(6)

4.3 Lees die artikel van Fin24. Noem twee kwessies wat die winsgewendheid van RCL in die 2017 finansiële jaar sal beïnvloed en verduidelik die effek wat dit op die wins sal hê.

Kwessie 1:

Effek:

Kwessie 2:

Effek:

(4)

IEB Copyright © 2017

4.4 Bespreek een ander handelsnaam, afgesien van Rainbow en Farmer Brown Chicken, wat aan RCL Foods behoort wat negatief beïnvloed sal word deur die styging in die koringinvoerbelasting.

(2)

4.5 4.5.1 Bereken die **gemiddelde** aandeelhouersekwiteit vir 2016.

(2)

4.5.2 Gebruik jou antwoord vir Vraag 4.5.1 hierbo om die aandeelhouers-ekwiteit vir 2016 te bereken indien die aandeelhouersekwiteit vir 2015 R10 113 499 000 was.

(3)

4.5.3 Gee twee redes wat kon veroorsaak dat die ekwiteit van die vorige jaar af gedaal het.

-
-

(2)

4.6 Verduidelik waarom die verhandelende aandeleprys baie meer volatiel is as die NBW. (Wat laat die aandeleprys baie meer as die NBW op- en afskiet?)

(2)

IEB Copyright © 2017

4.7 4.7.1 Waarom wil die Raad voortgaan om dividende te betaal selfs al is hul winsgewendheid swak?

_____

_____ (1)

4.7.2 Hoe kon die maatskappy 'n finale dividend verklaar selfs al was sy winsgewendheid swak?

_____

_____ (1)

4.8 4.8.1 Bereken die bedryfslaste op 30 Junie 2016.

_____

_____ (1)

4.8.2 Bespreek hoe drie van die bedryfsbates die **likiditeitsverhoudings** in 2016 beïnvloed het en verduidelik dan wat tot die **daling in die bedryfsverhouding** van 2015 tot 2016 sou gelei het.

Effek van die bedryfsbates op likiditeitsverhoudings

- _____
- _____
- _____

Wat het tot die daling in die bedryfsverhouding gelei?

_____

_____

_____ (7)

IEB Copyright © 2017

4.9 Bestudeer die uittreksel uit die volhoubaarheidsverslag en beantwoord dan die volgende vrae:

4.9.1 Wat is die rede waarom RCL Foods besorg is oor die gemeenskap?

_____

_____ (1)

4.9.2 As jy een KSV-program moet voorstel wat RCL Foods moet implementeer wat in ooreenstemming is met hul kernwaardes, wat sal dit wees?

_____

_____ (1)

35

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2017